Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

Kwetter Letter

NOMMER 20 VAN 2021 : 24/06/2021

| Lees asseblief alle inligting

1. PERSONEEL BOODSKAP

JY MOET GRENSE STEL

Jou kind het regverdige en duidelike reëls nodig.

Sonder reëls voel hy/sy sonder hoop, doelloos en bang.
As u kind nie liefdevol gedissiplineer word nie, dink hy/sy jy beskerm en versorg hom/haar nie.

Soms is ‘n kind juis “stout” om sy/haar behoefte aan struktuur en veiligheid te laat hoor in ‘n deurmekaar en onvoorspelbare omgewing. Jou kind kan maklik gegrief voel as jy nie grense stel nie. Hy/Sy wil hê julle, as ouers, moet lief genoeg vir hom/haar wees om nee te sê en dit te bedoel.

U kind moet u kan respekteer en vertrou.

Voelgoed.co.za - Februarie 2015

2. Verjaarsdae

- Baie geluk aan ons Hasie Kwassie maatjies wat in JUNIE verjaar! Geniet ‘n dag vol pret!

NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	-	Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	-	Gholf
Woensdag	-	Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag	-	Tennis - (**Onthou tekkies**)
Vrydag	-	Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

*** KONTAK ASSEBLIEF DIE BETROKKE AFRIGTERS DIREK INDIEN U ENIGE NAVRAE HET**.

Let wel:
Swem sal weer vanaf 3 Augustus 2021 begin.

4. Tema vir die week

28/06/2021 – 02/07/2021

VOEL: Ek weet wat ek voel.

5. Opvoedkundig

5.1 SKOENVETERS

- Leer u kind om sy/haar skoenveters self vas te maak.
- Dit is nou die ideale geleentheid, omdat die maatjies skoene aantrek.

5.2 LEGKAART

- Bou legkaarte met jou kind.
- Tegniek: Bou eers die hoeke en kante en dan die binneste gedeelte.
- Kom ons kyk na die prentjie van die legkaart! (Visuele diskriminasie).

5.3 SKEUR VAN PRENTE

- Leer u kind om prente uit ‘n tydskrif te skeur.
- Tegniek:
  Kies die prentjie wat jy wil uitskeur.
  Druk vas en skeur die bladsy met die dominante hand van bo na onder uit.

5.4 SPIERTONUS

- Spiertonus is dit wat ons help om ons liggaam in posisie te hou.
  - Speel met jou kind!!!
  - Skop bal / Vang bal / Skop ‘n bal na ‘n teiken.
  - Kruiwa loop (lig jou kind se voete op en laat jou kind met sy arms vorentoe beweeg).
  - Spring een-been (links en regs).
  - Doen wawiele.
  - Rol bollemakiesie.
  - Trek ‘n tou teen ‘n aanvaarbare tempo, en die kind moet dit probeer raaktrap, eers met die een voet en dan met die ander.
  - Speel “follow the leader”. Neem ‘n tou, maak verskillende vorms en loop op die vorms.
  - Gebruik twee ou koffieblikke: Dop dit om, trek ‘n tou deur gate aan weerskante om te gebruik as handvatsels. Staan op die blikke met die toue in jou hande en loop.
  - Sit kruisbeen teenoor mekaar en gooi ‘n boontjiesak of sagte speelding vir mekaar.
  - Balanseer ‘n opgerolde paar sokkies op jou kop en probeer daarmee loop.
- Let op na jou kind se postuur wanneer hy/sy sit (sit regop).
- Let op na jou kind se postuur wanneer hy/sy staan (moet nie “lê” teen ‘n voorwerp nie).

5.5 GR RR – GROOT MOTORIESE ONTWIKKELING

- Speel baie met u kind en raak betrokke by u kind se vaardigheidsontwikkeling.
  - Hardloop en skop ‘n bal.
  - Loop op hakke en dan op tone.
  - Tiekiedraai.
  - Slaan ‘n ballon vir mekaar.

5.6 BUITEMUURSE VERSLAE

- Buitemuurse midjaar vorderingsverslae sal op 1 Julie 2021 uitgegee word.
- Hasie Kwassie is trots op ons buitemuurse afrigters wat dienste altyd met ‘n positiewe gesindheid lewer.

6. Algemeen

6.1 SKOOLURE

- **17 JUNIE 2021 - 9 JULIE 2021 (Maandag tot Vrydag)**

Hasie Kwassie sal tot die einde van die kwartaal om 12:00 sluit.

Aankoms : 06:45 – 07:15
Verdaag : **12:00**

➢ **MOET ASSEBLIEF NIE LAAT WEES VIR SKOOL NIE.**

6.2 OUPA- EN OUMADAG OPNAME

DATUM : 25 JUNIE 2021 **MÔRE !!!**

Kleredrag – Seuns en Dogters

- Wit kortmou T-hemp. (*As gevolg van die koue weer, moet die leerders asseblief 'n wit langmou T-hemp onder die wit kortmou T-hempie dra*).
- Denim langbroek.
- Tekkies.
- HK windjakker.

Dogters se hare : Lang hare in 2 x poniesterte met WIT LINTE.
Seuns se hare : Kort en netjies.

6.3 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
9 Julie	Skool Sluit
26 Julie	Skool heropen

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

6.4 KONTAK SKOOL

- Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.5 T-HEMDE

- Onthou, spesifieke Hasie Kwassie T-hemp vir elke dag.
- T-hemp mag met kort- of langbroek gedra word.
- Langmou T-hemp mag op koeler dae onder Hasie Kwassie T-hemde gedra word.
- Dogters: Mag dieselfde kleur linte as T-hemp in hare dra. Kort hare, netjies gekam.
- Seuns: Hare kort en netjies gekam.

6.6 T-HEMDE & DRYMAC’S TE KOOP

- Hasie Kwassie T-hemde beskikbaar @ R100-00 elk.
- DryMac’s beskikbaar @ R200-00 elk.

6.7 GHOLFDAG

- Ons Gholfdag word beplan vir 17 September 2021.
- Ons herinner ouers dat ons enige bydraes of borge vir ons gholfputjie sal waardeer.
- Indien daar enige ouers is wat belangstel om ons op daardie dag te kom help, stuur asseblief ‘n e-pos na anke@riebie.co.za

6.8 INTERAKSIE TUSSEN OUERS WAT KINDERS AFHAAL

- Daar word opgemerk dat sommige ouers voor en na hulle die leerders by die skool kom oplaai, buite die terrein rondstaan en gesels en covid protokol verontagsaam.
- Ons rig ‘n **ernstige** versoek aan ouers om asseblief hierdie tipe interaksie te vermy, veral in die lig van die huidige styging in covid-getalle.
- Ons vra groot asseblief: Bly in u motor, laai u kind/ers op en vertrek.
- Ons moet te alle koste ons leerders beskerm en vertrou dat ons op elke ouer se samewerking in die verband kan staatmaak.

6.9 GRAAD R - 2022

Aansoeke het op 9 Junie 2021 gesluit. Ouers sal teen einde Junie in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was al dan nie.

Inligting rakende die inskrywingsproses sal gedurende Julie aan suksesvolle aansoekers gekommunikeer word.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke of laat-aansoeke, stuur asseblief 'n e-pos na naomi@riebie.co.za.

6.10 GRAAD 1 - 2022

Ons skool se voornemende Graad 1 - 2022 ouers het hierdie week 'n skrywe ontvang wat voor of op 29 Junie 2021, saam met die volgende **verpligte stawende dokumente,** na u kind se klasonderwyser terug gestuur moet word.

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se **Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Immuniseringskaart/rekord**.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se **ID dokumente**.
- **Bewys van adres**, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

Ons verwag dat die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** binnekort deur die Departement van Onderwys aangekondig sal word. Die oggend van die openingsdatum moet ouers, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek doen by: www.gdeadmissions.gov.za .

Sodra die skool enige verdere inligting ontvang sal ouers dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

28 Junie 2021 – 8 Julie 2021

Lokaal: Juffrou Lynette

WAGKLAS SLEGS TOT 13:00

(wagklas slegs vir leerders met ouer boeties en sussies in Laerskool van Riebeeckpark).

<u>GEEN SNOEPIE</u> OP 25 JUNIE 2021

Oupa- en Oumadag opname!

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA